NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2025

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 2½ uur 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2025

## AFDELING A LEESBEGRIP

In hierdie afdeling:
- Word spelling nie gemerk nie, tensy dit die betekenis verander.
- Word taalfoute nie gepenaliseer nie.
- Word Engelse woorde geïgnoreer en nie gelees nie.

## VRAAG 1 REISARTIKEL

1.1 "eendag in jou loopbaan"

1.2 Dit kan jou help om met vreemdelinge/ander mense kommunikeer te kommunikeer **of** om nederig te wees **of** om jouself uit te druk **of** om vriendelik te wees **of** goed luister en praat (nie net eenwoord-antwoorde nie).
(Enige een)

1.3 Jy moet inligting reg lees **of** goed na mense kan luister **of** duidelik / helder praat / of respek vir medemens hê.
(Enige een)

1.4 C

1.5
- Moenie kwaad word nie/bly kalm.
- Pas jou skedule aan.
- Vind kreatiewe oplossings.
- Wees buigsaam.
- Doen iets positiefs.
- Wees aanpasbaar.

(Enige twee)

1.6 Dit gaan makliker vir ander wees om saam met jou te leef/wil wees. NIE saam met die stroom gaan nie.

1.7 Jy kan leer om buite jou gemaksone te leef **of** mooi sielsverrykende dinge te waardeer **of** beter selfvertroue te hê (selfvertroue as een woord.) **of** meer selfversekerd te wees / braaf wees **of** moed hê
(Enige een)

1.8 Jy sal jou drome kan uitleef **of** jou doelwitte bereik.

1.9 Jy leer om met minder tevrede te wees / het minder nodig / waardeer eenvoudige dinge.
(Enige een)

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – KOSBLIKINFORMASIE

2.1 "dieetkundige"

2.2 2.2.1 Waar

2.2.2 "Só lyk die ideale kosblik" (net "ideale kosblik" ook aanvaarbaar)
Die opskrif word beskou as die hele rooi en swart paragraaf bo die grafika.
"Ideale kosblik"/"gebalanseerde kosblik".
Die betekenis moet duidelik in die aanhaling uitkom.
Die onderste sin (onder die grafika) word nie aanvaar nie.

2.3 "Bly eerder weg"

2.4 Konfyt **of** iets soets. Sjokoladesmeer/enige soet smeer

2.5 Grondboontjies en/of rosyntjies.

2.6 Dit moenie versuikerde vrugte wees nie.

2.7 Net een keer per week. "een keer per week"/"weekliks"

2.8 Geur dit oornag met vrugte, lekkerder met vrugte / enige aksie van vrugte in water / 'geur' hoef nie in die antwoord te wees nie.

2.9 Pick 'n Pay/Pick 'n Pay se aanlynwinkel.

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 3 PRENT MET PRAATBORRELS

3.1
- Kruis/plusteken. ook as net plusteken neergeskryf is / apteekteken in groen / daar is 'n + / slegs simbool / kruisie / krys / NIE kros of kreus.
- Bord met "Pharmacy"/Verkeerd: DIE Pharmacy
- Kruis/plusteken op "pharmacy"-bord.

(Enige een)

3.2
- Frons/een oog is kleiner, groter oop as die ander een/sy maak oogkontak / wenkbroue hang / wenkbroue is op / af / gelig oë op skrefies / glimlag nie / vingers teen wenkbroue / oë klein oop.
- Bolip trek/bolip trek op.
- Mond lyk of sy ongemaklik praat. / Bolip trek op / mond wyd oop.
- Oë lyk hartseer. Ook oë op skrefies getrek / lyk angstig / bekommerd / ernstig.

(Enige een)

3.3 Apteek, medisynewinkel / farmasie / aphoteek NIE aanvaar nie.
Aanvaar ook: aptek / aptiek

3.4 Hand is op haar maag/voorkop OF haar gesigsuitdrukking wys (oë trek) dit.
Aanvaar NIE: hand op mag.

3.5 Hou haar hande oop / uit / hande op / vingers gesprei / hande voor haar.
Verwysing na OË: sy maak oogkontak / kyk direk na haar / oë is vriendelik, sag, empaties.
ALGEMEEN: sy lyk positief

3.6 B

3.7 "ai tog." (Nie verkeerd as "   " nie gebruik is nie.) /: "Ai tog ek voel absoluut aaklig!"
Aanvaar volle sin/AANVAAR NIE: net "Ai!..." nie

3.8 chaoties/"chaoties" (Nie verkeerd as "   " nie gebruik is nie).
Aanvaar fonetiese spelling

3.9
3.9.1 Ja/Nee. Moet korrek spel – aanvaar nie variante "Yah, Ya" nie. (Kan slegs punt vir Ja/Nee kry indien goeie, sinvolle rede by Vraag 3.9.2 verskaf is.)

3.9.2 (vir Ja) – baie mense het toegang/ kan dan daar uitkom wanneer hulle ook ander winkels besoek/sake doen.
(vir Nee) – ook mense wat ver bly van winkelsentrums af, het apteke nodig.

IEB Copyright © 2025

## AFDELING B

## VRAAG 4 OPSOMMING

Assessering:

- Vyf (5) response moet van 1 tot 5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- By eke nommer (1–5) bevat respons twee dinge: 'n **aspek** en 'n **hoe** (wyse) dit lewe verryk. Elke hoofpunt/respons tel 2 punte. As die opgesomde sin/sinne dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Indien al vyf response/hoofpunte korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Kandidate mag twee sinne by elke hoofpunt/respons gebruik.
- Sinne mag nie woord vir woord uit die teks aangehaal word nie; –½ vir elke aanhaling > maks. –2½.
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte sinvol genoeg kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit die betekenis beïnvloed.
- –½ vir elke direkte aanhaling, dus – 2½ in totaal.
- –1 as 'n leerder nie die woordtelling aandui nie.
- –1 as nie tussen 60–80 woorde nie.
- –1 as 'n leerder die woordtelling heeltemal verkeerd aandui/jok.
- Wanneer 'n instruksie gegee word hoe om elke sin te begin (bv. Phillip het geleer ...) en leerders doen dit nie, word hulle as volg gepenaliseer: –½ vir 1–2 sinne verkeerd begin en –1 vir 3–5 sinne verkeerd begin.
- Tel "'n", en, "die" as deel van die woordtelling.
- Beplanning **moet** doodgetrek word.
- Moet telkens met **"NAAM" het geleer …** begin.

| Gegee | ASPEK geleer | HOE lewe verryk |
|---|---|---|
| 1 Phillip het geleer | om betyds te wees. | Take reg te voltooi/respekteer ander se tyd. |
| 2 Rick het geleer | om georganiseerd te wees. | Leef netjieser en skoner/kan ordentlik fokus. |
| 3 Zandi het geleer | om geduldig te wees. | Stres minder/meer empatie/geniet verhoudings meer. |
| 4 Hagar het geleer | om beter te luister. | Kan nou meer en beter aandag gee/ detail raaksien. |
| 5 Yoli het geleer | om ligter te leef. | Minder bagasie gepak/dra minder probleme saam. |

(64 woorde)

| **Gegee** | ASPEK geleer | HOE lewe verryk |
|---|---|---|
| 1 Phillip het geleer | Om betyds te wees/om nie laat te wees nie | Take reg te voltooi/ respekteer ander se tyd |
| 2 Rick het geleer | Om georganiseerd te wees / om nie ongeorganiseerd te wees nie / om nie slordig te wees (leef) nie / organisasie te verbeter / om te orden | Leef netjieser en skoner / kan ordentlik fokus / hy leef nie deurmekaar nie / is georden |
| 3 Zandi het geleer | Om geduldig te wees / om nie ongeduldig te wees nie / om te kan wag / nie haastig te wees nie | Stres minder / meer empatie / geniet verhoudings meer / is kalm / kalmeer |
| 4 Hagar het geleer | Om beter(goed) te luister / om beter aandag te gee / om te fokus | Kan nou meer en beter aandag (goed) gee/ kan fokus/ luister/ sien alles raak |
| 5 Yoli het geleer | Om ligter te leef / bly te wees / om nie swaar en donker te voel nie / om minder bagasie te pak / minder probleme saam te dra / dra te veel saam / dra nie bagasie saam nie | Minder bagasie gepak / dra minder probleme saam / pak minder in / sy lewe nie meer donker en swaar nie / om ligter te leef / sy is kalm / sy sien die lig |

Assessering:

FA (Aanvang) – 3-5 sinne –1
F (Formaat) – Geen nommers of in 'n paragraaf geskryf –1
DA (Direkte aanhaling) (Aanhaling is van die hoofletter tot die punt) –1 vir elke aanhaling.
WT (Woordtelling) Is nie aangedui nie –1
L (Lengte) – Minder as 60 woorde of meer as 80 woorde –1
LL (Lieg oor die lengte) –1

Wanneer die kandidaat meer as 90 woorde vir sy opsomming skryf, merk slegs tot en met 90 woorde, kanselleer die res van die opsomming. Die opsomming na die 90 woorde word dus nie nagesien nie.

IEB Copyright © 2025

## AFDELING C

- Spelling van letterkundige terminologie moet so akkuraat as moontlik wees.
- Engelse woorde word nie aanvaar nie.
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie.

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: "KRISIS"

5.1 B

5.2 "Dis hier"
Gaan hier nié oor of hulle voorbereid of onvoorbereid was nie.

5.3 Konflik tussen die kop / brein / verstand / rasionele denke en hart / emosie.

5.4 Praat met die hart asof dit 'n mens is / word gepersonifieer / dis personifikasie.

5.5 C

5.6 Dis 'n wending / gee 'n rede vir die besluit / begin verduidelik waarom hulle gaan skei / gee ernstige toon / draaipunt / omkeer / kontras / nuwe perspektief.

5.7 "die pad langs klowe, afgrond en moeras"
As die antwoord net sê versreël 5 is dit VERKEERD.

5.8
- Voortvarend/arrogant
- Lafaard
- Kan nie besluit nie
- Siek
- 'n Las
- Gee dwase raad
- Grapjas / snaaks / nar / inkonsekwent

(Enige twee)

5.9
- Was baie pret
- Groot partytjie
- Baie lekker tyd / fees / goeie tyd (nié net aangenaam nie)

(Enige een)

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: "KLEIN GELOOF"

6.1 C

6.2 6.2.1 'n Sementfiguur in die tuin / plastiekkarakter / skulptuur / plastiekfiguur / klipfiguur / kleifiguur / dekorasie / houtkabouter

6.2.2
- Sy glo nie meer aan kabouters nie.
- Sy glo nie meer aan sprokies / sprokiesfigure / fantasiewêreld nie.
- Sy dink dit het nie regtig bestaan nie.

(Enige een)

6.3 6.3.1 Geskenke / presente / hoop / blydskap / geluk / omgee

6.3.2 Geld / blydskap / geluk / verrassing

6.4 6.4.1 Feite / wetenskap / realiteit / waarheid / glo aan Jesus / glo nie meer aan sprokies nie / glo aan God

6.4.2
- Gebruik hoofletters.
- Gebruik uitroepteken.
- Skryf hoofletters by Feite, Wetenskap, Realisme.

(Enige een)

6.5 "ek het ál my sprokies brandgesteek" / "EK KAN BEWYS!"

6.6 6.6.1 Onwaar

6.6.2
- Sy is bang vir die donker/slaap nog met die lig aan
- Dink daar is monsters onder haar bed.
- Bid steeds/wil nog gered word.
- Het steeds onsekerhede/onbekende

(Enige een – iets soortgelyks)

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG: "DIE WONDER VAN 'N BOOM"

7.1 B Iets fantasties is

7.2 7.2.1 "plat"

7.2.2
- Dan kan jy beter aandag gee.
- Dan kan jy stil wees.
- Dan kan jy meer bewustelik wees.
- Jy is meer tydsaam.
- Help jou om rustig te wees.
- Help jou om vreedsaam te voel.
- Help jou om mooi / goed / volledig te kan ervaar.
- Dat jy dieselfde as hy moet kan ervaar/voel.
- Jy kan gemaklik voel.
- Beter luister (mooi na die takke luister).
- Een met die aarde voel (dui rustigheid aan).
- Jy kan ervaar hoe hy as spreker voel.
- Meer waardering vir die natuur/boom ens. toon.
- Sodat jy 'n beter visuele beeld van die boom en die blare kan skep.

(Enige een)

7.3 Jy moet jou oë en mond toemaak. (NIE "luister na die takke" NIE)

7.4 om neste te bou (**neste** en **bou** moet in die antwoord wees)/huis te bou.

7.5 C liries

7.6 Geen rym / rymskema nie / geen vaste patroon nie / strofes is van verskillende lengtes / nie 'n spesifieke ritme nie / geen vasgestelde struktuur / min leestekens of punktuasie / enjambement / min rym / gebroke rym / onreëlmatige rym (enige voorbeelde wat daarna verwys word ook aanvaar). (Enige een)

7.7 "beskryf / die geluid / in jou joernaal" / "Maak woorde"/ Maak jou oë oop en beskryf / Maak jou oë oop en beskryf die geluid in jou joernaal.

7.8 blare

IEB Copyright © 2025

## AFDELING D

- In hierdie afdeling moet die taalreëls akkuraat toegepas word.
- Kandidate word vir taalfoute gepenaliseer.
- Geen halfpunte word in Vraag 8 toegeken nie.
- Spelling tel by Vraag 9.

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 **Dit is die vliegtuig waarin** ons vlieg.

8.2 **Die meisie vra die seun of** sy langs hom mag sit (nié/kan sit nie).

8.3 **Ek pak min om** lig te reis/te kan reis.

8.4 **Gister** het ek ligte klere aangetrek, daarom het ek gemaklik gevoel.

8.5 **Hy sit sy oorfone op, want** hy wil na sy musiek luister/hy wil luister na sy musiek.

8.6 **Die passasiers behoort** na die lugwaardin te luister.

8.7 **Nee,** ek het nog nie my kaartjie bespreek nie.

8.8 **Môre** sal die passasiers bang vir die turbulensie wees **OF** bang wees vir die turbulensie **OF** vir die turbulensie bang wees.

8.9 **Die doeanebeampte** het die paspoorte gestempel.

8.10 **Baie mense gaan vlieg; gevolglik** is die lughawe baie vol.

8.11 **Nee, jy hoef nie** jou eie water te bring nie.

8.12 **Verlede week** het die toeris sy tas vergeet toe dit besig op die lughawe was **OF** toe dit besig was op die lughawe.

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | lente | (½) |
| 9.2 | a.g.v. | (½) |
| 9.3 | twee-uur/tweeuur | (½) |
| 9.4 | heerliker | (½) |
| 9.5 | Sommige | (½) |
| 9.6 | by | (½) |
| 9.7 | dingetjie | (½) |
| 9.8 | rugsakke | (½) |
| 9.9 | sonder | (½) |
| 9.10 | nooit | (½) |
| 9.11 | stappende | (½) |
| 9.12 | waarvoor | (½) |
| 9.13 | blitsvinnig | (½) |
| 9.14 | weekliks | (½) |
| 9.15 | haar | (½) |
| 9.16 | lewensdroom | (½) |

IEB Copyright © 2025

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

10.1 10.1.1 C (gee twee regmerkies)

10.1.2 B (gee twee regmerkies)

10.2 Ek voel 10.2.1 **lieflik** – dis so fantasties hier, Susan! DIT HOEF NIE 'n VOLSIN TE WEES NIE, MAAR MOET KORREK OORGESKRYF WORD.

10.2.2 **Kom saam met my na die wonderlike museum toe.**
MOET KORREK OORGESKRYF WORD.

10.3 10.3.1 Ek is nou senuweeagtig – sal ma asseblief onthou dat Kiets ekstra water in die hittegolf het? **(sien aanpassings in tabel)**
(16 w) i = 1; t = 1

10.3.2 Sjoe, ek voel doodmoeg na twee uur se staan – kan nog 'n assistent asseblief kom help? **(sien aanpassings in tabel)**
(16 w) i = 1; t = 1

*****Sien asb. hierdie notas van Vraag 10-merkspan in 2024 – pas toe by Vraag 10.3.1 en 10.3.2***.**

- Vetgedrukte woorde uit die vraag mag nie gebruik word nie.
- Spelling word slegs gepenaliseer as dit die betekenis draai/beïnvloed.
- Akkurate woordtelling moet by elke respons aangedui word.
- 2 × ½ = inhoud; 2 × ½ = taal.
- As inhoud irrelevant/misgetas is, dan geen punt vir taal nie.
- –½ vir elke taalfout.
- –½ per inhoudsfout.
- Mag een of twee sinne skryf.
- Geen vooraf ingeoefende (geforseerde) response sal aanvaar word nie.
- Direkte rede (toon) is vereiste.
- Voorgeskrewe lengte is belangrik.
- –½ per respons minder as 15/meer as 20 woorde.
- Geen Engels word aanvaar nie en word totaal geïgnoreer asof daar geen woord/ betekenis in die plek van die gebruikte Engelse woord is nie.

IEB Copyright © 2025

**Opsommend dus i.v.m. antwoorde:**

| **Emosie/gevoel** | **Respons** |
|---|---|
| 1 senuweeagtig / neuroties / bekommerd / vreesbevange / doodbang / beangs / benoud / angstig<br>('n gepaste byvoeglike naamwoord)<br>**OF**<br>**TUSSENWERPSEL**:<br>Genade tog!<br>Ai, .... | **<u>Die ma moet iets DOEN</u>**! (werkwoord)<br>...kos gee / water gee / medisyne gee / hek toemaak / komberse gee / gee die gunstelingspeelding / mooi oppas / omsien / versorg<br>Respons moet RESPEKVOL wees, maar ASSEBLIEF hoef nie in die respons te wees nie.<br>**<u>MOENIE AANVAAR NIE:</u>**<br>X Om na die troeteldier te KYK<br>X... die troeteldier ALLEEN is... |
| 2 moegheid/frustrasie<br>**TUSSENWERPSELS AANVAAR:**<br>Ag tog!<br>Nee, regtig!<br>Hoe lank moet ek nog wag?<br>Ek is nou regtig KWAAD!<br>Goeie genade!<br>Wow! Hoe lank nog?<br>Sjoe, dis onaanvaarbaar!<br>Ek wag al baie lank!<br>**OF**<br>**'n Gepaste byvoeglike naam-woord:**<br>kwaad<br>...irriteer my<br>woedend<br>smoorkwaad<br><br>**MOENIE AANVAAR NIE:**<br>Staan in die LYN **= X** | vra ekstra hulp<br>**DIE HULP MOET IETS SPESIFIEK WEES!**<br>**Vrae om te vra: HOE** word daar gehelp?<br>**WAARMEE** word daar gehelp?<br>**WAT** word gedoen?<br>Kan julle nog 'n assistent kry?<br>Kan iemand die hek oopmaak?<br>Wys my waar my kampplek is. |

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2025